## Omgeegroep 'haak uit'!

Luidens onbevestigde berigte het die ses manne van die Brenton Omgeegroep op Saterdag 13 Februarie 'n rendevous by die 'Tuin van Eden' op die Plet pad met die agt dames van die groep gereël. Dáár het een van die manne die dames 'gekaap' en met 'n skelm paadjie die oorkanste bos ingelok. Verby twee groot hekke (met nog groter slotte!) is hulle niksvermoedend in 'n "boomhuis' ingelei!

Elk van die 'ontstelde' dames is met 'n rooi roos en 'n glas vonkelwyn 'getroos'. Die tropleier het 'n gedig van 'Big John' voorgelees:

**Krag vir ou wêreld**
So is die wiel toe uitgevind
nogal van klip gemaak my kind
met krag het dit voort gerol
en sonner pap wiel skattebol
x
Ou Galileo ontdek die teleskoop
karteer waar mane en planete loop
melkweg geheime verken word die spel
glad nie so cool soos saam gaan sterre tel
x
En toe skei hul die atoom eendag
ontketen helse verwoestingsmag
is sy roeping vennoot of despoot
gering teen die tong wat lewens sloop
x
aardbol vol is wiele an't rol
teleskope gaan dol oor Mars se kol
dinkskrums peins oor die warmer aarde
in stilte steier dieper  waarde
x
spandeer liefde oral waar jy gaan
sonder eise opreg spontaan
laat deernis gedagtes vorm en sein
sodat liefde reën uit die hart se tuin
x
ek nooi jou saam die pad te loop
vonkies vlam as ons vingers knoop
woorde ons samesyn liefkoos en streel
oog taal beeld liefde wat drome deel
glimlag stuur wense wat harte inhaak
oë knik wat sê ons gaan memories maak
x
liefde maak 'n verskil onthou
moenie ná valentyn verflou

Wat hierop gevolg het, het die dames met verbasing gevul! Hulle sou naamlik gedwing word om te wurg aan 'n maaltyd wat deur die manne berei en voorgesit is. Die arme dames moes boonop die hele bereiding van die warm geregte gadeslaan.

Een van die mans het ‘n emmer garnale op ‘n warm plaat rondgestoot en ‘n ander een het voor ‘n koue houtskoolvuur gestaan en sweet. ‘n Derde kon dit nie meer hou nie en het ontvlugting by die skottelgoedbak gesoek! Een van die ander drie manne het tussen die dames gesit en bevele uitskree! Nog twee het gretig rondgestaan en die dames met drankies afgekoel voor hulle met die bediening van die mannebrousels sou begin.

MEN u
Vlinder Vonkel Voort Skemerkelkie
xx
Tier Prawnale Kou-kus
xx
Undercover filleeto met double agent misterie
Vlam gerapsde sampioene vol kringe a la bos gourmy
Alkant korskant Bosbroodjies
**Slaaie**
Pikante kilojôl lokvalle
Groentower slaai
Bessies vannie bos
xxx
Vrug van die Woud Hinderlaag Poeding
xxxx
Knipoog Koeksister & Koffie
Musiekfabriek

Nadat die manne (let wel!) alles opgeruim het, het die mooiste vier vir ses van die dames (onder groot protes) na elkeen se eie huis op Brenton geneem. Die ander twee dames het (op eie versoek en eie verantwoordelikheid) saam met hulle eie manne in die boomhuis oornag met ‘n belofte om hulle manne met ontbyt te bederf!

Ons het onbevestigde berig ontvang dat dieselfde manne al voorheen betrokke was by ‘n soortgelyke voorval. ‘n Gerug doen nou die rondte dat die dames met die volgende Valentyn vir die manne in eie munt gaan terugbetaal...! Dit sal glo ook nie die eerste keer wees nie.